VEILINGS

# Vroue slaan kunstrom

## Hoë pryse maak hulle deel van vername kunsklub



Irma Stern se Arab Priest wat vir £3 miljoen deur die Londense veilingshuis Bonhams verkoop is.

Elma Kloppers

As 'n mens aan die internasionale kunswêreld dink, kom 'n magdom name soos Pablo Picasso, Claude Monet, Vincent van Gogh en Salvador Dali op – almal manlike kunstenaars wat die kunsdomein dekades, selfs eeue lank oorheers het, terwyl hul vroulike eweknieë grootliks gemarginaliseerd gebly het en bloot as muses vir van die groot meesters beskou is.

Vandag kry vroue-kunstenaars oplaas die erkenning wat hulle verdien, volgens Barneby's, die wêreld se grootste veiling-soekenjin.

Barneby's reken 'n revolusie wat eeue geneem het om te arriveer, het die kunswêreld getref en pryse van vroue-kunstenaars se werke skiet toenemend die hoogte in.

" 'n Mens kan sê die res van die wêreld is besig om op te vang met Suid-Afrika, een van die min lande waar vroue-kunstenaars al dekades lank die trom slaan," sê Julian Roup, die Suid-Afrikaans gebore kunskenner en konsultant vir Barneby's.

Hy sê sover dit pryse aangaan, sit die ikoniese Irma Stern en die Suid-Afrikaans gebore kunstenaar Marlene Dumas, wat in Amsterdam woon, vir manlike Suid-Afrikaanse kunstenaars ore aan. Die feit dat dié twee se werke hoogs gesog is onder versamelaars, het hulle deel gemaak van die internasionale miljoen-dollar-kunsklub.





Anna Chromy by haar monumentale The Cloak of Conscience. Dié Tsjeggies gebore kunstenaar wat in Oostenryk grootgeword het, word as een van die hedendaagse meesters in beeldhoukuns bestempel.

> **Irma Stern en Marlene Dumas sit vir manlike SA kunstenaars ore aan.**

Stern se *Arab Priest* is in 2013 vir £3 miljoen deur die Londense veilingshuis Bonhams verkoop, die hoogste prys nóg vir 'n Suid-Afrikaanse kunswerk, sê hy. "Dumas se *Die Besoeker* in 1995 vir 'n rekordprys van $6,3 miljoen deur Sotheby's in Londen verkoop." En dan moet Maggie Laubser en Maud Sumner ook nie buite rekening gelaat word nie.

Volgens Barneby's se databasis wat 1,5 miljoen besoekers per maand na sy 1 600 geaffilieerde veilingshuise lok, is die vroue-kunstenaar wat die rekord hou vir die hoogste prys nóg vir 'n kunswerk op 'n veiling, die Amerikaanse kunstenaar Georgia O'Keeffe (1887 – 1986). Haar skildery Jimson *Weed/White Flower No. 1* is in 2014 vir $44 miljoen deur Sotheby's verkoop. Dié rekordprys het 'n duidelike boodskap uitgestuur dat kuns wat vroue geskep het, uiteindelik tot sy reg kom, sê Roup. O'Keeffe is veral bekend vir haar skilderye van blomme en plante.



Marlene Dumas se Die Besoeker wat in 1995 vir 'n rekordprys van $6,3 miljoen deur Sotheby's in Londen verkoop is.

'n Skilder en beeldhoukunstenaar wat as 'n hedendaagse meester in veral beeldhouwerk bestempel word, is die Tsjeggies gebore Anna Chromy. Sy is veral bekend vir haar monumentale skeppings waarvan 60 beeldhouwerke in openbare plekke dwarsoor Europa gehuisves word. Dit is die meeste werke op openbare uitstalling as enige ander lewende kunstenaar, volgens Roup.

In Portofino aan die Italiaanse Riviera pronk haar *Dancer* by die bekende seiljaghawe en in Pisa staan *The Myth of Sysiphus* wag by die universiteit. Nog een van haar bekende werke is 'n standbeeld van die Oostenrykse dirigent Herbert von Karajan, wat voor sy geboortehuis in Salzburg staan.

Chromy het ook die beeldhouwerke vir Londen se Olympic Village ontwerp en was verlede jaar die eerste Westerling en vrou om op uitnodiging 'n solo-uitstalling van haar werke te hou by die nasionale museum aan Tiananmen-plein in die hart van Beijing in China. Haar skeppings verkoop vir vanaf £100 000. Een van haar bekendste werke is 'n monumentale beeldhouwerk, *The Cloak of Conscience*, 'n 50 ton-werk in marmer, wat op soek is na 'n permanente tuiste. Dit is te koop vir £10 miljoen.